TE WEET

15 Mrt. 2026

NEDERDUITSCH HERVORMDE GEMEENTE NELSPRUIT

www.hervormdekerknelspruit.co.za F/B: Nelspruit Hervormde gemeente

Welkom aan elkeen wat vanoggend die erediens bywoon. Wees stil en weet Ek is die Heer...

Die pad van lyding

Om saam met Jesus die pad na die kruis te volg.
Om stil te word in die spasies waar God ons wil ontmoet.
Van Palmsondag tot Opstanding-Sondag stap ons saam deur die hart van die evangelie: die lyding van Christus, die stilte van die graf, en die vreugde van die opstanding.
Gedurende hierdie week volg ons 'n daaglikse ritme van gebed
in die oggend, middag en aand, met Skrif, refleksie en ruimte om te luister na wat God in ons wil vorm.

EREDIENS: ds Gert Macdonald
TEMA: DIE WEG VAN LYDING
SKRIFLESING: PSALM 22
TOETREDELIED: TOBIAS SPEEL 'N GEWYDE LIED
VOTUM EN SEËN
GESANG 391: 1,4 "VERVUL O HEER MY HART"
GEBED
GESANG 384 2X " JESUS, O DINK AAN MY"
SKRIFLESING : PSALM 22
GESANG 399: 2,4,5 "AAN DIE TAFEL VAN DIE PAASLAM"
PSALM 22 – "DAWID SE PSALM IN SY LYDING"
GESANG 393: 1-3 "MIDDELPUNT VAN ONS VERLANGE"
PSALM 22 "JESUS SE PSALM IN SY LYDING"
GESANG 395:1-3 "MY VERLOSSER AAN DIE KRUIS"
ELET EN XANTHÉ SING: "DAAR'S 'N DIERBARE KRUIS"
PSALM 22 "MY PSALM IN MY LYDING"
GESANG 396: 1-4 "AANSKOU DIE HEILAND SIEN DIE KRUIS"
PSALM 22 "GOD SE UITNODIGING IN MY LYDING"
FLAM 12 "MEER AS OOIT"
GEBED
ELET EN XANTHÉ SING: "ALL TO JESUS I SURRENDER"
SEËN
WEGSENDING: VONKK 277 "U IS DIE LIG WAT IN DIE DONKER SKYN"

LIEF EN LEED

Vandag dink ons aan:

💜 Jacques von Benecke, seun van Willie en Magda wat met kanker gediagnoseer is.

💜 Alleida van Wyk wat 'n oogoperasie ondergaan het en Maandag word haar tweede oog gedoen.

💜 Pieter en Martie Beukes se dogter, wat weer chemo moet ontvang.

💜 Almal wat siek is, olik voel, eensaam, ontsteld of hartseer is, wat die afgelope week gehospitaliseer is.
Sterkte, vertroosting of spoedige beterskap bid ons julle toe.

💜 Muntingh Venter en sy spanmaat wat aan die "Cape Epic" bergfietsren deelneem. Sterkte, en kom veilig terug asb.

✸ **Aan ons nuwe lidmate:**
Ons sal u graag by die NHK i Toon-bank agter in die kerk na die erediens wil ontmoet. Kom drink gerus daarna 'n koppie tee saam met ons in ons Koffie-kuier-en-kletskamer.

AKTIWITEITE IN DIE GEMEENTE

15 08:00 Koffiekuier
08:30 Lydenssangdiens
en Kleuterkerk
09:30 Teedrink en
Kategese afsluiting –
Versnaperinge te koop
16 09:15 Dagbestuur vergader
17 15:00 Bybelstudie - Kerk
18 09:15 Herfsakker Bybelstudie
en erediens
18:00 UKR vergadering
22 08:00 Koffiekuier
08:30 Vyfde Lydensondag
Erediens en
Kleuterkerk
09:30 Teedrink
24 15:00 – 20:00 Barbara O'Neill

GASHERE BY TEESKINK:
15/03 Jacques en Berenice le Roux, Riaan en Carli Laubscher
22/03 Jacques, Chantel en Donovan Beukes
29/03 Mike, Mariette van Zweel asook Philip en Lolla Martiz
Dankie vir julle gasvryheid!

BAIE DANKIE
Baie dankie aan Alleida en haar span, Wynand, Beate, Francois en diegene van wie ek nie weet nie, vir julle hulp met die verfraaiing van die kerk.
Ook aan elke ander persoon wat agter die skerms hulp verleen.
Ons waardeer elkeen van julle!

03/15	Tiaan	Ehlers	
03/15	Johan	Roets	
03/16	Allen	Roets	
03/16	Francois	Odendaal	
03/16	Rina	Malan	
03/17	Theresa	Van Rooyen	
03/17	***Martin***	***Swart***	
03/18	Elijah	Knoetze	
03/19	Johan	Visser	
03/19	Bert	Strydom	
03/20	Eksteen	Terblanché	
03/20	Muntingh	Venter	
03/20	Philip	Maritz	
03/20	***Sandra***	***Botes***	***70jr +***

HUISHULP BESKIKBAAR
Kontak Tilana indien u 'n baie betroubare huishulp benodig.

VOLTOOI ASB DIE VORM

Baie dankie vir almal wat reeds voltooi het.
Indien u nog nie vorms voor in die bank se sakkie voltooi het nie vra ons dat u asb vandag een sal voltooi en saam met die potlood terug sit in die bank se sakkie.
💜Baie dankie vir u insette.

HUISBESOEK

Ons herinner u net daaraan dat indien u behoefte aan huisbesoek het, dat u met 'n predikant of die Kerkkantoor sal skakel.
'n Afspraak sal met u gemaak word.

GEBED VIR DIE WEEK

Skepper God en Heilige Gees,
wie se stem ek hoor fluister op die wind,
en wie se asem lewe blaas in die hele skepping.
Ek wat swak en nietig is, maak staat op u mag en wysheid.
Gee dat ek die skoonheid van die skepping kan aanskou
en laat my die werk van u hande eer.
Laat my ore die klank van u stem hoor.
Gee dat ek die lesse wat U in elke blaar en elke klip versteek het, sal leer.
Gee my die krag om nie sterker as my broer te wil wees nie,
maar slegs genoeg om my grootste vyand, myself, te oorwin.
Laat my toe om voor U te staan met rein hande,
'n onbesoedelde hart en heldersiende oë,
sodat wanneer my lewe sak soos die son,
my gees sonder skaamte kan terugkeer na U.
(Gebed van 'n Noord-Amerikaanse wysgeer)

DIE KRUIS EN DIE DIAKONAAT

Wanneer Jesus aan die kruis besig is om te sterf, sien Hy sy moeder in die skare en die dissipel vir wie Hy baie lief was. In sy worsteling, elke sekonde gevul met pyn, is Hy bewus van die hartseer en nood van sy geliefdes wat alleen gaan agterbly met die trauma wat die marteling en kruisiging veroorsaak het. Hulle sou sin daarvan moes maak – sin maak van die verlies. In hierdie pynlike oomblik is Jesus besorg oor sy moeder en hierdie dissipel, en dan hoor ons die woorde: Daar is u seun. Daar is jou moeder. Hierdie paar woorde openbaar iets van Jesus se diakonale hart – Jesus se omgee vir mense in nood. Nie slegs was Jesus bewus van hul pyn en hartseer nie, maar Hy het iets daaraan gedoen. Die woorde van Jesus was meer as

net woorde – dit is eerder 'n oproep tot omgee en
liefde, 'n oproep om te versorg en geborgenheid te bied. Terwyl dit donker word op Golgota, word die hart van die evangelie sigbaar wanneer Maria deur die dissipel versorg word en hy haar moeder-liefde ervaar.
Tydens die 74ste AKV is die besluit geneem dat die diakonaat in die toekoms deel sal vorm van die werksaamhede van die AKV. Waar die diakonaat vir baie jare deur 'n eie sinodale struktuur georden is, is die diakonaat opnuut op 'n nuwe koers geplaas. Die diakonaat in die NHKA is nou in die hart van die evangeliebediening, maar terselfder-tyd is dit ook op grondvlak, op gemeentevlak, en elkeen se verant-woordelikheid.
Waar ons op pad is na Goeie Vrydag en Opstandingsondag, is dit belangrik om te besef Jesus se sterwe en opstanding alles verander het. Die wêreld het nuut geword, en so ook die manier waarop ons na dinge moet kyk. Die duisternis kon nie die Lig uitdoof nie, en ons kan deur die Lig en genade van Jesus mekaar raaksien en vir mekaar omgee. Aan die kruis maak Jesus ons opnuut bewus van die nood van mense, hul hartseer en die gevolge van die sondeval wat oorwin word. Die opstanding bring nuwe hoop en nuwe moontlikhede, nuwe perspektiewe en nuwe verantwoordelikhede.
Die Komitee vir Diakonaat se roeping en opdrag is om elkeen te herinner aan die kruiswoorde: Daar is u seun. Daar is jou moeder. Jesus weet van elkeen se nood, en Hy wil elke gelowige, elke lidmaat en elke ampsdraer opnuut oproep en uitstuur om mekaar en ander te versorg.
Dit loop uit in die groot opdrag van Matteus 28 om die wêreld in te gaan en dissipels te maak.
Oral waar ons kom, het ons elkeen die verantwoordelikheid om die hoop van Jesus uit te dra en uit te leef.
Mag die vrede, genade en troos van Jesus deur ons vloei.
Dr Martin Jansen van Rensburg
(Voorsitter: Komitee vir Diakonaat)

Volg hierdie skakel om die hele Blitspos te lees:
https://nhka.org/wp-content/uploads/2026/03/Blitspos-2026_03_12.pdf



Geseënde Sondag